# Die Eerste Pad van Ohrigstad na Lourenco Marques

Deur

A. P. v. d. MERWE

OP 'n volksraadsvergadering gehou te Ohrigstad op 20 Augustus 1845 stel hoofkommandant A. H. Potgieter voor „een gedeelte grond over de Delagoasberg open te zetten tot aantekening voor plaatzen". Verder het die vergadering bepaal „dat voor eerst zal plaatzen uitgegeven worden van de berg tot aan de *Eerste Revier* aan de Commissie drift, van de Commissie drift aan de *oversyde* der revier Weswaarts tot aan de berg".

Op dieselfde vergadering is verder bepaal dat 'n kommissie op die vergadering van 15 September benoem sou word om die pad die berg af te maak. Terselfdertyd sou die gebied aangewys word waar plase aangeteken kon word. Op die vergadering gehou op 27 Augustus is hierdie besluit bekragtig

Dreigende kafferonluste het die Raad en die veldkornet egter so besig gehou dat die voorgestelde kommissie eers op 14 Oktober 1845 kon vertrek. Hierdie geselskap sou bestaan uit 26 man onder aanvoering van Karel Trichardt, wat van voorneme was om die reis te voet, met behulp van pakosse af te lê. Sy geselskap het hom oorreed en is met waens op reis gegaan.

Na 'n afwesigheid van bykans twee maande is die geselskap op 11 Desember weer op Ohrigstad terug.

Die natuurlikse weg vir hulle om te volg was die een wat die Potchefstroomse geselskap die jaar vantevore gevolg het. Vandaar dat Potgieter dan ook op die vergadering van 20 Augustus, presies 3 weke na hulle saamtrek en eerste vergadering op Ohrigstad, kon praat van „Commissie drift aan de Eerste Revier". Die Trichardt-kommissie het dan ook op die spoor van die vorige jaar se geselskap met hierdie geleentheid gebly.

Die kommissie van 1844 van Potchefstroom af is Caspersnek uit, oor die Blyderivier en langs Treurrivier op en die Sabierivier deur in die omgewing van die teenswoordige dorp Sabie. Op die berg het die geselskap verdeel. Die een gedeelte is met pakosse die berg af na die baai terwyl die ander helfte van sowat 26 man met die waens agtergebly het. Dis bekend hoedat hierdie laaste gedeelte later geglo het dat Potgieter en sy volgelinge na die Baai vermoor sou wees en die terugreis begin het nadat hulle in die omgewing van Treurrivier gejag het en die rivier sy naam gegee het. By die volgende spruit is hulle egter deur die Potgietergroep ingehaal. Die naam Blyderivier herinner ons vandag nog daaraan.

Die beskrywing van die plase gee vir ons duidelikheid waarlangs hierdie geselskappe gereis het. Die „Eerste revier" en „Commissie drift" hierbo aangehaal dui daarop dat hierdie „ekspedisie" van 1844 hier deur die Sabie is.

19 Plase is tussen 6 November en 4 Desember aangeteken en nog 'n verdere 13 plase tussen 10 en 18 Desember. Dis vanselfsprekend dat hierdie plase almal

langs die pad of in die nabyheid daarvan geleë was. 'n Paar van hierdie plase het hulle oorspronklike name behou — genoeg om vir ons vandag nog die rigting van die pad aan te toon. Op 6 November laat A. H. Potgieter — 'n seun van die hoofkommandant — vir hom die plaas Bokkraal aanteken „gelegen aan *Komiesiepat".* Oorlewering het dit dat dit dieselfde plaas Klipkraal is wat Joao Albasini vir hom laat aanteken het toe die Potgieters verhuis het na Soutpansberg.

Op 19 November laat M. C. Jacobs vir hom die plaas „Harnosterdrif, gelegen aan *de toeloop van de Komatie"* aanteken. Hierdie naam het in onbruik geraak en ons kan redelik aanneem dat dit die teenswoordige Elandsdrif (41) is. Die is geleë aan die *bo-loop* van Nelspruit. By daardie groepie mense is dit te verwag dat hulle foutief die *suidlopende* spruit as 'n sytak van die Komatie kon geneem het. (Eylandsdrif wat J. Luther vir hom laat aanteken lê aan die Sabie.) 'n Paar jaar later is baie van hierdie plase aan ander intrekkers gegee vandaar dan ook dat hulle die name verander het.

'n Belangrike aantekening egter is van Gerhardus C. Schoeman, (M. Soon). Hy kry Kruysfontein op 2 Desember „gelegen *waar* de wagenpat *de berg af gaat* aan de *oeversy van de Eerste revier".* Hierdie plaas het sy naam bly behou. G. C. Schoeman en sy familie het nie weggetrek nie.

Op 4 Desember word aan T. G. Lagransie toegeken die plaas „Eerste Kafers kraal *onder de berg, waar de lager gestaan heef".* Hier word verwys na die laer van die Potgieter-ekspedisie van 1844 van die gedeelte wat met die waens agtergebly het. Dis dan ook moontlik dat hulle afgesukkel het tot onder en toe gevind het dat dit veels te stadig gaan met pad maak vir waens en toe besluit het om die waens en die helfte van die geselskap daar te laat agterbly. (Die aangrensende plaas aan Kruisfontein, „Wetkop", is Witklip van vandag.) Dis opmerklik hoedat herhaaldelik verwys word na die pad om die ligging van die plase vas te stel. So vind ons die volgende aantekeninge bv. „op de regter kant van de pat"; „op de regter syde van de wagen weg"; „gelegen aan de over zeide van de wagendrif van de eerste revier onder de berg", e.s.m.

Die belangrikste aantekening (no. 80) is m.i. die toekenning van die plaas „Grootvantyn, gelegen *op Delgoaberg* aan de *zeut zeide van de wagenweg,* en ook aan *de zeut zeide* van *de eerste* grote rivier", d.w.s. aan die regterkant van die oosvloeiende rivier — die Sabie —aan Pieter Jacobus Badenhorst. Dis die plaas waarop die dorp Sabie aangelê is. (Sien „South-Eastern Transvaal Lowveld" deur „Lowveld Regional Development Association", 1954.)

Ewe belangrik is no. 81 van „Cristeaan Gerhardus Badenhorst" en sy plaas „Nooidgedacht gelegen op de Delgoasberg aan de *zeutsyde* van de wagenweg en aan de *zeutzeide* van de eerste groot rivier" op 11 April 1846; en no. 84 van Nicolaas J. Renzenburg die plaas Waterpoort „gelegen aan de eerste groot rivier, de eerste plaas aan de boven zeide van Johannes Botha aan de *over zeide der rivier . . . "* (Die drie Badenhorst-broers, die Neethlings, Jouberts, Schoemans, De Villiersse en Van Rensburgs het hulle plase in hierdie gebied bly behou.)

Die naturel Ngutu, van wie ons 'n portret, geneem op sy oudag in 1927 naby Pretoriuskop, hier insluit, vertel dat hy tweekeer vir Trichardt na die

baai as jong kaffertjie tou gelei het. Van Pretoriuskop, so sê hy, is hulle links van Skipberg verby. Aan Pretoriusrivier sou 'n witman siek geword het, wat na Albasini teruggestuur is. Die oorlewering van familie het dit dat dit 'n Willem Pretorius was, wat daar, tussen die hek en die kop oorlede is en toe deur Albasini begrawe is op die plek. Sy graf is nog daar te sien.

Van Ohrigstad is die geselskap oor Nooitgedacht (die plaas van Kootjie Burger — sekretaris van die Volksraad en grootvader van genl. S. W. Burger) deur Kaspersnek (die vorige jaar ontdek en vernoem na Casper Kruger, die vader van president Kruger), oor Ledouphuie (die plaas van Jacob de Villiers, wat in 1847 daar begrawe is — die oupa van die vrou van genl. Burger), langs Treurrivier op en in die rigting van die teenswoordige Graskop, min of meer soos die pad in 1877 deur Jeppe aangedui in sy Transvaalse Kaart. Verder is hulle langs die Watervalspruit af tot waar dit in die Sabie loop op Grootfontein. Daarvandaan is hulle oor die plaas Spitzkop, op Kruisfontein die Rand af in die rigting van Burgers Hall, links van Logieskop (die teenswoordige Legogoto) verby na Pretoriuskop, waar Albasini sy beeskraal gehad het.


*Ngutu op 96-jarige leeftyd in 1927.*

Hiervandaan is hulle tussen Skipberg en die Embeamederrivier — die naturellenaam vir Pretoriusrivier — langs en die Krokodilrivier deur in die omgewing van Ludwigsbust waar Nelmapius later 'n drif gemaak het.

*Opmerkings:*

1. Die lede van die 1844-ekspedisie het die eerste keer weke lank in Meimaand voor die vol Olifantsrivier by Commissiedrif — naby Rooibokkop — gelê tot hulle naderhand moes omdraai omdat Tsetsevlieë hulle daar begin lastig val het. Dit was heeltemal natuurlik en te verwagte dat hierdie Kommissie van 1845 die sterk Sabie wou deur in sy boloop. Dit het juis in die voorjaar baie gereën en die rivier was vol. Verder sou hulle met die tweede poging in '44 ter wille van hulle trekvee na die ondervinding opgedoen aan die Olifantsrivier, die laagliggende dele langs die Sabie deur die Tsetsevlieë bedreig, so ver moontlik vermy.

2. Albasini by Pretoriuskop sou hulle dan ook ooreenkomstiglik aangeraai het om weg te bly van die pad laer af langs die rivier, wat hy met sy naturelledraers gebruik het, maar wat vir vee te gevaarlik was.

3. Die Delgoasberg waarvan in die aantekeninge melding gemaak word is beslis nie die Lebomboberg nie, maar wel die eskarpement van die Drakensberg, soos ons hom vandag ken noord en oos van die dorp Sabie.

4. Die *eerste groot rivier* of die *grote rivier* is in hierdie geval die Sabie ('n naturellewoord wat geraas beteken, na aanleiding van die geraas van die waterval in die rivier).

5. Dit was die gewoonte van familiebetrekkinge om plase te kies wat aanmekaar gegrens het.

6. Met die wegtrek van Potgieter na Soutpansberg in 1848 en die terugtrek van 'n groot getal van hierdie mense, het baie plaasaantekeninge verval.

7. Die „Jock of the Bushveld Road" waarlangs vandag die hondjie Jock se beeldjie op strategiese plekke aangebring is, om die pad wat Fitzpatrick in die sewentigerjare gevolg het, aan te dui, is niks anders as die pad wat die Voortrekkerekspedisies 30 jaar vantevore gemaak en oopgery het nie; maar helaas nie een van hulle name word êrens, vir wat hulle gedoen en bygedra het, in herinnering vermeld nie. Na die ontdekking van goud in hierdie gebied in die begin van die sewentigerjare het die Z.A.R.-regering 'n tender van Nelmapius aangeneem om die pad te maak na die Portugese grens waarvoor hulle hom 4 plase as vergoeding gegee het. Hy het die 4 uitsoekplase, t.w. Burgers Hall, Pretoriuskop, Joubertshoop en Lutwigslust gekies.

8. In Julie 1849 kry W. H. Neethling (wat later met die weduwee van Jacob de Villiers getroud is) opdrag om die pad die Drakensberg af te maak „om daardoor een *nadre* weg te vinden sowel na Delgoa als Inhawbane." Hierdie *nadre* weg is toe gemaak oor Klipkraal, wat toe aan Albasini toegeken is en ook 'n bydrae gegee het.

9. In Julie 1848 is 'n ekspedisie na Inhambane onder kommandant Van Rensburg en dis omtrent seker dat hulle die *nadre* weg oor Klipkraal gevolg het — of liefs dat Neethling opdrag gekry het om hierdie pad te maak. Abel Erasmus, die Naturellekommissaris het later dikwels hierdie pad gebruik. Die jagters soos die Stolse, die Botha's, Pieter de Villiers (die skoonvader van genl. Schalk Burger) e.a. wat op Bosbokrand gaan skiet het, het hierlangs gery — d.w.s. oor Klipkraal, Rietspruit en Diepdrif.

10. Die twee paaie waarvan Smellekamp in sy brief melding maak dui op die W. H. Neethling-pad oor Klipkraal die rand af en die Kommissiepad die rand af op Kruisfontein, suid van die Sabierivier wat die oudste is van die 2.

11. In 1849 is Ohrigstad en sy omgewing verlaat en Krugerspos word die setel van die regering. 'n Ander pad na Delgoabaai word nou weer 'n groter behoefte vir die gemeenskap wat die hoërliggende dele van die gebied bevolk het. (In die volgende artikel kom ons daarby.) Die streek om Sabie word van toe af meestal vir winterweiding gebruik en die Laeveld vir die jag.